#1 netwerk VIR JOU LEWE




“Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie;
Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!“ Jeremia 29:11

# Maandelikse Bybel Bespreking

## AI - Alles In..

Wanneer die wêreld vandag van AI praat, dink ons almal onmiddellik aan *Artificial Intelligence* – ’n wêreld waar rekenaars leer, algoritmes slimmer word, en mense probeer om die onbekende te tem deur data en berekeninge. Dit is die wêreld se groot soektog na vermoë, voorspelbaarheid en veiligheid. AI beloof produktiwiteit, vinnige oplossings, en soms selfs die illusie dat ons uiteindelik die lewe kan “uitfigure”.

Maar as gelowiges gebruik ons AI vir iets dieper – nie *Artificial Intelligence* nie, maar: **Alles In… God.**

Waar die wêreld se AI gebou is op die mens se vermoë om patrone raak te sien, is ons AI gebou op God se karakter: Sy trou, Sy wysheid, Sy leiding. Die wêreld vertrou op masjiene om die pad aan te wys; ons vertrou op die Here om ons voetstappe te rig. Die wêreld wil weet; ons kies om te glo.

Tog raak die twee mekaar op ’n interessante manier: beide vra vir ’n *volledige oorgawe*. Die wêreld wil hê dat ons lewens ten volle moet deelneem aan die tegnologie, sodat dit ons kan “vorm“ – dink maar net aan advertensies wat “customised“ is vir jou soektogte en behoeftes. God roep ons om ons lewens met volle vertroue aan Hom toe te vertrou – Hy het ons gevorm, Hy lei en beskerm ons en Hy het ‘n plan vir ons lewens. *“Alles In”* beteken nie om harder te probeer nie; nie om beheer te neem nie, maar om ons lewe in Sy hand te lê – dit beteken om die lewenswiel vir God te gee.

2026 is nie ’n jaar vir halfhartigheid nie. Dit is nie ’n jaar om te kyk of dinge eers uitwerk nie. Dit is ’n jaar or doelbewus, dapper en met geloof in te stap… **Alles In**. Alles in Sy Woord, Sy plan, Sy vrede, Sy hoop.

My uitnodiging aan jou: Laat hierdie jaar die jaar wees waarin jy nie net jou geloof onderhou nie, maar dit uitleef. Spring Alles In – met God voor, God langs jou, en God in jou.
Mag 2026 jou jaar van volle oorgawe wees.

Voorspoedige Nuwe jaar! En kom verbind jou aan die #1 Netwerk vir jou lewe.
Andrè Harmzen

#1 netwerk
VIR JOU LEWE

# Tema vir die Maand

## Alles In Hoop

Januarie bring elke jaar daardie vars asem: nuwe weke, nuwe planne, nuwe drome. Maar hoop – ware hoop – is nooit net optimisme vir ’n nuwe jaar nie. Hoop is die perspektief van geloof; dit is om met nuwe oë te kyk, selfs wanneer omstandighede nie verander het nie.

Die Bybel herinner ons:
*“Ek weet wat Ek vir julle beplan… ’n toekoms, ’n hoop.”* – Jeremia 29:11
God se hart vir ons is nie onseker of dubbelsinnig nie. Sy planne rus in vrede, Sy toekoms rus in Hom. En daarom kan ons 2026 instap met die sekerheid dat ons nie deur die jaar hoef te oorleef nie – maar deur hoop kan leef.

Jesaja sê:
*“Maar dié wat op die Here wag, kry nuwe krag…”* – Jes. 40:31
Hoop beteken jy wag nie passief nie; jy wag in verwagting. God gee nuwe krag vir elke dag – soos arende wat hoog opstyg terwyl ander moeg word.

Ek nooi jou om hierdie maand saam met ons die reis van HOOP te stap. Kom woon eredienste by, kom neem deel aan ons aktiwiteite, kom ontdek weer die krag van God se teenwoordigheid in jou lewe.

Mag 2026 vir jou ’n jaar wees waarin jy werklik Alles In… Hoop leef.

Seënwense,
Andre

## IN HIERDIE UITGAWE

MANNE ONTBYT
DIS NIE NET 'N STOEL NIE
BEFORE THE COFFEE GETS COLD
DANIËL SE DRIE VRIENDE
A WISH FOR THE NEW YEAR
KONTAK ONS



## MANNE ONTBYT 31 JANUARIE 2026

## 9 UUR

The Shephard and Dog
Grays Hill
Billericay
CM11 2XY

Geniet 'n heerlike ontbyt en kuier lekker saam.
Almal betaal vir hulself op die dag.
Bevestig jou plek met Andre
andre@sagemeente.com

#1 netwerk
VIR JOU LEWE

# DIS NIE NET 'N STOEL NIE.... DIS JOU PLEK IN DIE WÊRELD.

Ons almal het daardie een stoel.
Die plek waar ons elke dag opdaag –
by die werk, in die huis, by 'n lessenaar,
of op die stoep met 'n koppie koffie.

Daardie stoel wat sê: "Hier's ek. Ek het weer kom sit.
Soms is dit 'n plek van rus.
Soms is dit waar jy foute maak
En soms is dit waar jy wen
Maar altyd – altyd – is dit jou plek.
En wanneer jy opdaag, al voel jy moeg, of onbelangrik,
doen jy iets kragtigs:
Jy wys jy's daar. Jy beteken iets.

Maar dink net vir 'n oomblik...
Wat as jou stoel eendag leeg is?
Wat sal agterbly?
Wat het jy beteken in daardie stoel?
Wie sal wens jy het nog gesit, nog gelag, nog geleer, nog gedeel?

Dis hoekom ons elke dag moet opdaag.
Nie perfek nie.
Net eerlik. Teenwoordig. Op tyd.
Want jou stoel, jou plek in die wêreld –maak saak!
So moenie vandag weg bly nie.

Sit. Wees daar.
Want as jou stoel eendag leeg is... moet die wêreld kan sê ,
Jy was hier.
Jy het altyd opgedaag.

# Before the coffee gets cold...

Don't leave anything for later.
Later, the coffee gets cold.
Later, you lose interest.
Later, the day turns into night.
Later, people grow up.
Later, people grow old.
Later, life goes by.
Later, you regret not doing something...
When you had the chance.

Life is a fleeting dance,
a delicate balance of moments that unfold before us,
never to return in quite the same way again.
Regret is a bitter pill to swallow,
a weight that bears down upon the soul
with the burden of missed chances and unspoken words.
So, let us not leave anything for later.
Let us seize the moments as they come,
with hearts open and arms outstretched
to embrace the possibilities that lie before us.
For in the end,
it is not the things we did that we regret,
but the things we left undone,
the words left unspoken,
the dreams left unfulfilled.

*Before the Coffee Gets Cold is a 2015 novel by Toshikazu Kawaguchi*

#1 netwerk
VIR JOU LEWE

# Hoop

## Daniël se drie vriende

Erkenning: Algoa gemeenskapskerk

Daniël se drie vriende wat in die vuuroond gegooi is, is vir ons 'n goeie voorbeeld van hoop. Die koning van daardie tyd – Nebukadnesar – het 'n beeld laat maak waarvoor almal moes buig wanneer die musiek begin speel. Die mense wat nie voor die beeld wou buig nie, sou in 'n warm vuuroond gegooi word.

Daniël se drie vriende wou nie voor die koning se beeld buig nie, en het die vir die koning gesê: "Die God wat ons dien, kan ons uit die oond en uit u mag red as Hy wil. 18. En selfs al wil Hy nie, kan u maar seker weet dat ons nooit u gode of die goue beeld wat u laat maak het, sal dien en aanbid nie." (Die Boodskap: Daniël 3: 17-18)

Hulle het gehoop dat God hulle uit die vuuroond sou red, en dit was genoeg rede vir hulle om nie voor die koning se beeld te buig en 'n ander god te aanbid nie.

Toepassing: *Wanneer dinge swaar en moeilik in jou lewe gaan, help dit om te hoop dat God jou gaan help, om vas te hou en nie moed op te gee nie.*
*Hoe God help, lyk nie altyd soos ons DINK dit gaan lyk nie. God het nie gekeer dat Daniël se drie vriende in die vuuroond beland nie, maar Hy het hulle wel beskerm dat hulle niks oorgekom het IN die vuuroond nie.*

God het 'n engel gestuur wat saam met hulle in die vuuroond was. Partykeer laat God toe dat slegte goed met ons gebeur, maar as ons HOOP dat Hy sal help, dan kom ons daar deur ...

Nie altyd soos ONS dit wil hê nie, maar hoe HY die beste weet!!

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •JANUARIE 2026

## KALENDER

4 JANUARIE HUISKERK 9 UUR

11 JANUARIE EREDIENS 9 UUR

18 JANUARIE HUISKERK 9 UUR

25 JANUARIE EREDIENS 9 UUR

## A wish for the New Year

May the new year bring you an abundance of amazing opportunities,
beautiful moments,
and joyful experiences.
May your positive actions and attitude inspire others.
May you be brave enough
to take on and overcome rewarding challenges.
May you find yourself in high spirits
and excellent health.
May you love with all your heart
and find peace in even the most of turbulent of times.
May the love you give
always finds it’s way back to you, multiplied.
And may you forever be filled with the hope
and strength necessary
to made your dreams a reality.

Zero Dean

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JANUARIE 2026

#1 netwerk
VIR JOU LEWE

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00


**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •JANUARIE 2026